**VEELS GELUK AAN ALMAL WAT HIERDIE WEEK VERJAAR!**

| | |
|---|---|
| **Vandag:** | Inge Fanoudis, Linda Uys, Lizél Vermeulen, Ryan White. |
| **Maandag:** | Judy Pretorius. |
| **Dinsdag:** | Tilette Berry, John de Villiers, Joshie Jurgens, Johannes Swart, Jacques van Heerden, Stuart Walton. |
| **Woensdag:** | Inge de Leeuw den Bouter, Niki Hailmer, Babsie Keller, Christa Koch, Lee Randall. |
| **Donderdag:** | Augusta Puttkammer, Adele Roux, Cherrie-Lee Summerbell. |
| **Vrydag**: | Rose Engelbrecht, Naomi Naudé, Elmarie Lategan, Stella Marais, Anna Stander. |

# Baie dankie

*Die jaar 2023 is stadig, maar seker besig om die laaste dae en ure af te tik. Ons kyk met verwondering terug oor die pad waarop die Here met ons, ons gemeente en ons gemeenskap gestap het. Ons is dankbaar dat ons in die afgelope jaar kon onderskei waar die Here reeds besig is, en dat ons ook daar besig kon raak. Ons is dankbaar vir mense wat ons lewens aangeraak het, en wie se lewens deur ons aangeraak is. Ons is dankbaar dat die Here - ook deur medegelowiges - ons hand gevat het toe die opdraandes soms steil is. Ons is dankbaar oor elke projek wat ons gemeente kon aanpak het. Ons is intens dankbaar vir elkeen wat - voor of agter die skerms - 'n bydrae gelewer het. **Dankie aan elkeen** wat haar / gawes gebruik het en bygedra het tot die opbou van ons gemeente (Ef 4:7v).*

*Mag ons die ruskans wat voorlê geniet, goed wees vir onsself, ons kragte herwin, en die 2024-pad met nuwe ywer en verwondering stap.*

Jy kan ook van die **Snapscan** toepassing op jou slimfoon gebruik maak om jou dankoffer weekliks (tydens eredienste) en maandeliks te gee. Onthou asb. die regte verwysing. **B**ankoffer vir dankoffer tydens erediens **D**ankoffer vir maandelikse dankoffer.

Familiekerk
NG Hottentots-Holland
Dissipels van Jesus

**FAMILIENUUS** **SONDAG 3 DESEMBER 2023**

## *WELKOM BY VANDAG SE EREDIENS*

Vandag is die **eerste Advent-Sondag** en die begin van die nuwe kerkjaar.



| | |
|---|---|
| 09:00: | HENNIE FOUCHÉ |
| SKRIFLESING: | MARKUS 13 |
| TEMA: | *DIE VADER ALLEEN WEET* |

Kom drink gerus koffie / tee na die diens en kuier met mekaar.

**Vandag se deuroffer gaan aan Jan Kriel Instituut (Kuilsrivier)**

Jan Kriel Instituut samel geld in vir die kinders van Jan Kriel Skool, wat fokus op die onderrig en opleiding van leerders met spesiale onderwysbehoeftes vanaf die grondslagfase tot graad 12. Aan die einde van graad 12 sal leerders die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen van die Departement van Basiese Onderwys skryf.
Leerders wat die meeste baat vind by plasing in Jan Kriel skool is leerders wat, ten spyte van voldoende kognitiewe vermoëns ten opsigte van begrip, redenasie, abstrakte denke, verbale uitdrukking en behoud, hindernisse vir ontwikkeling en leer ervaar.
In die lig van bogenoemde kan 'n mens verwag dat skoolgeld baie duur sal wees. En dit is waar ons skenkers in die prentjie kom. Met die fondse wat ons ontvang word Jan Kriel se kinders 'n kans in die lewe gegee!

***Volgende week: Alta du Toit Nasorg (Belville)***

**Leraars:** Hennie Fouché 082 859 5646; hennie@nghottentotsholland.co.za
Ewald J van Rensburg 082 451 2584; ewald@nghottentotsholland.co.za
**Kerkkantoor: Pleinstraat 20, Somerset-Wes, 7130** Maandag tot Vrydag 08:30 - 13:00
**Telefoon:** 021 852 5004 **E-pos:** admin@nghottentotsholland.co.za
**Bankbesonderhede:** NG Kerk Hottentots-Holland; ABSA Rek 2900 5900 51
**Direkte Erediens-uitsendings:** **https://live.eclipse-streaming.co.za/NG-HH-vjs/**
**YouTube adres:** https://youtube.com/channel/UC6L0OCh0mvcwrmqkI1iWULA

## Terugvoer van die Kerkraadsvergadering gehou op 28 November:

- Dat die Kerkraad voortaan uit 12 lede sal bestaan.
- Alle diensgroepe sal voortaan op die Kerkraad verteenwoordig word. Die diensgroepe is:

| | |
|---|---|
| Erediens | Liefde na Buite |
| Jeugbediening | Kommunikasie |
| Senior Bediening | Diensverhoudinge |
| Barmhartigheid | Fondse |
| Gasvryheid | Eiendom |

- Die Ring van Somerset-Wes het dit goedgekeur dat ds. Hennie na die aanvaarding van sy emeritaat (aftrede) in Maart 2024 in 'n vasgestelde termynpos van twee sal voortgaan met sy bediening in die gemeente.
- Ds. Ewald ontvang emeritaat aan die einde van Februarie 2025. Die kerkraad het besluit om vroeg in 2024 te begin met die proses om 'n nuwe predikant in sy plek te beroep - om spesifiek te fokus op jeug en familie bediening. Daar is 'n ad hoc diensgroep (preadvies) aangewys om hierdie proses te administreer en te bestuur.
- Maandelikse dankoffers is op die oomblik minder as die begroting (R230 697). Lidmate word aangemoedig om ook *Snapscan* of elektroniese oorbetalings (EFT) te gebruik om hul maandelikse dankoffer oor te betaal. Jy kan ook 'n debietorder teken. Baie dankie vir elke liewe bydrae.
- **KERKRAADSVERKIESING:** Die volgende lidmate is verkies as kerkraadslede. Hulle het nou twee weke geleentheid om te bid en te dink en te besin oor hulle verkiesing, en sal daarna die geleentheid kry om daarop te antwoord. Hulle name word aan die gemeente genoem juis vir voorbidding, en ook om hulle verkiesing goed te keur:
**Werner de Leeuw den Bouter, Naas du Preez, André du Toit, Ernst Engelbrecht, Charl Nieder-Heitman, Piet Uys.**

*As jy deel wil raak van 'n gebeds– en besoek-groep vir siekes, gee gerus jou naam by die kerkkantoor.*

---


**Sien jy dalk kans om so nou en dan na die erediens te help tee skink asb? Kontak asb. die kerkkantoor of vir Lida koster@nghottentotsholland.co.za**



### Broodjies vir Aanhouwen

Elke Donderdag en Vrydag is daar heelwat van ons gemeentelede wat toebroodjies by Aanhouwen aflaai:
**BAIE DANKIE VIR JUL GETROUE, ONBAATSUGTIGE DIENS.**
As jy graag in 2024 deel van hierdie uitreik wil wees, kontak asb. vir Talita by tel 082 570 9794.

# TIENDEMAAND DANKOFFERS




**Mikpunt:**
R 650 000

**Reeds ontvang:**
**R602 519**

***Baie dankie aan almal wat reeds bygedra het!!***

Hierdie fondsinsameling van ons gemeente word verbind aan die *tiende maand* van die jaar, maar jy is welkom om jou spesiale bydrae enige tyd in te handig. Alles wat ontvang word tot einde Februarie 2024 vorm deel van hierdie jaar se insameling. Jy kan jy jou spesiale bydrae gee d.m.v. EFT, Snapscan of 'n Tiendemaand dankoffer koevert.

Dit is baie belangrik om die verwysing "10 de Maand Dankoffer" aan te bring by 'n EFT asook Snapscan betaling. Jou naam is opsioneel.

Bankbesonderhede: NG Kerk Hottentots-Holland, ABSA
Tjekrekeningnommer: 2900 5900 51, Takkode: 632005.

## Kersete in die kerksaal !

## Is jy dalk alleen op 25 Desember?

Ons gemeente beplan om op Kersdag ń **GRATIS** middagete aan te bied vir diegene wat andersins alleen sou wees. As jy op Kersdag alleen is, of weet van iemand wat alleen gaan wees, kontak asseblief die kerkkantoor en gee die naam en 'n kontaknommer. Sê asseblief ook as jy / die persoon vervoer nodig het.
As jy 'n bydrae wil maak vir hierdie vreugdevolle geleentheid, kan jy dit elektronies oorbetaal (verwysing **Kersete).**
As jy op enige manier wil help met hierdie ete, kontak vir **Izelle Bester (084 652 1693)**



### Koekies-met-Kersfees vir Bejaardes

Ons wil graag vir ons oudste lidmate elkeen 'n pakkie koekies gee. As jy koekies vir hierdie doel wil skenk, bring dit asseblief na die kerkkantoor voor / op Woensdag 6 Desember. Baie dankie.